

SIVE en ZIZO

deur Lucy O'Keeffe



Sive en Zizo

deur Lucy O'Keeffe

A project of the Centre for Social Development, Rhodes University,
in partnership with the HCI Foundation'

You are free to:

Share – copy and redistribute the material in any medium or format

The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the license terms.

Under the following terms:



Attribution – You must give **appropriate credit**, provide a link to the license, and **indicate if changes were made**. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.



NonCommercial – You may not use the material for **commercial purposes**.



NoDerivatives – If you **remix, transform, or build upon** the material, you may not distribute the modified material.

Copyright © 2020 Lucy O'Keeffe

Vertaling deur Shirley en Anna Retief

First printing, 2020

My naam is Sive. Ek is vyf jaar
oud en ek woon in Tentyi in 'n
blou huis saam met my ouma.




Ek het 'n suster met die naam Lihle. Sy is altyd besig op haar foon of sy praat met haar vriende.



Ek is mal daaroor wanneer my oom Mfundo met my sokker speel, maar hy het nou 'n werk en ek sien hom nie juis baie nie.

Dit is Zizo. Hy is 'n dinosourus
en is my beste maat. Hy wil
altyd met my speel.



Lihle sê hy is nie rerig nie, maar
vir my is hy, en ek is lief vir hom.

Ek en Zizo doen alles saam.
Ons het baie avonture. Zizo is
braaf en maak my ook braaf.



Hy help my aandete eet (veral
as dit kos is waarvan ek nie hou
nie!)



My ouma sê hy kan nie saam
met my bad nie, maar hy hou
my geselskap terwyl ek skoon
kom.



Snags slaap hy in my bed. Ons
vertel vir mekaar stories en hy
hou my veilig.

Toe ek hierdie jaar Graad R begin, het Ouma gesê dat Zizo by die huis moet bly. Ek was hartseer en 'n bietjie bang om sonder hom te gaan.



Op my eerste dag was daar baie nuwe kinders en ek het skaam gevoel. Ek het Zizo gemis.

Maar Zizo het vir my by die huis gewag. Ek het hom van die skool vertel en van alles wat ek geleer het.



Ek het selfs A-E-I-O-U-klanke geleer. Daar is twee in Zizo se naam. Hy het daarvan gehou.

Op die tweede dag by die skool
het ek Asi ontmoet. Ons het
saam gespeel en sy het vir my
'n nuwe speletjie gewys.



Asi kan vinnig hardloop, maar
nie so vinnig soos ek nie.

Ek het vir Zizo van my nuwe vriendin Asi vertel. Ek dink hy hou ook van haar.



Ek het vir Zizo gesê dat al het ek 'n nuwe maat, sal ek altyd lief bly vir hom, en dit sal altyd so wees.

Vrae om met jou kind te bespreek:

1. Wat is Sive se suster se naam?
2. Waar woon Sive?
3. Hoe oud is Sive?
4. Dink jy Sive is rerig, of nie?
5. Hoekom dink jy was Sive bekommerd om die eerste dag skool toe te gaan?
6. Voel jy ooit skaam voor ander kinders?
7. Wie is jou beste vriend?
8. Wat is vir jou lekker om saam met jou vriende te doen?